education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008**

# BEDRYFSEKONOMIE

## HOËR GRAAD

## MEI/JUNIE 2008

**PUNTE: 400**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n antwoordblad van 2 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies/inligting aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   Bestaan uit EEN vraag met verskeie onderafdelings wat deur AL die kandidate beantwoord moet word. 'n Aparte antwoordblad, wat uit twee bladsye bestaan, word vir VRAAG 1 voorsien.

   AFDELING B: Bestaan uit VIER vrae. Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

   AFDELING C: Bestaan uit SES vrae. Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy aan die einde van elke antwoord.

4. Begin die antwoord vir elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Vrae moet in volsinne beantwoord word, behalwe waar dit spesifiek nie vereis word nie. Kandidate sal vir kort, onvolledige antwoorde gepenaliseer word.

6. Indien meer as SEWE vrae beantwoord is, sal slegs die eerste SEWE toepaslike antwoorde nagesien word, naamlik:

   - VRAAG 1
   - Eerste TWEE vrae uit AFDELING B
   - Eerste VIER vrae uit AFDELING C

7. Indien 'n vraag nie nagesien moet word nie, skryf duidelik 'KANSELLEER' oor die hele bladsy.

8. Vrae moet met swart of blou ink beantwoord word.

9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

10. Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van die antwoordeboek.

11. Skenk aandag aan netheid, handskrif en taalgebruik.

*Kopiereg voorbehou* 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 1 op die aangehegte antwoordblad. Plaas die voltooide ANTWOORDBLAD vir VRAAG 1 binne die voorste omslag van die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.20) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Daar is slegs EEN korrekte antwoord vir elke vraag.

Voorbeeld: 1.1.21

| A | B | C | ~~D~~ |
|---|---|---|---|

1.1.1 'n Private maatskappy bekom sy eie kapitaal deur ...

A lenings te verkry.
B aandele aan sy lede te verkoop.
C aandele aan die publiek te verkoop.
D skuldbriewe uit te reik.

1.1.2 Penn Dealers is 'n vennootskap met twee lede, Parker en Shaeffer. Die vennootskap is bankrot en skuld van R500 000 is steeds uitstaande. Watter bedrag skuld moet deur die vennote betaal word?

A R0,00
B R250 000
C R250 000 elk
D R500 000

1.1.3 Wanneer 'n maatskappy 'n prospektus uitreik, moet die minimum inskrywing binne ... dae ontvang word.

A 30
B 60
C 90
D 120

1.1.4 'n Houermaatskappy bekom ten minste ...% van die uitgereikte kapitaal van 'n ander maatskappy.

A 60
B 51
C 50
D 30

1.1.5 Watter dokument deur 'n publieke maatskappy uitgereik, nooi die publiek uit om aandele te koop?

A Akte van oprigting
B Statute
C Prospektus
D Sertifikaat van inlywing

1.1.6 Watter een van die volgende ondernemingsvorme is verplig om 'n jaarlikse vergadering vir sy eienaars te hou?

A Shark Tale Algemene Handelaar (Edms.) Bpk.
B The Incredible Toy Store Bpk.
C Shrek Boubenodigdhede BK
D Little Mermaid Viswinkel

1.1.7 Watter element van bestuur word in die volgende aanhaling beskryf?

'Oorweeg al die alternatiewe om 'n probleem op te los en kies die beste een.'

A Besluitneming
B Beplanning
C Organisering
D Koördinering

1.1.8 Die prys van aartappelskyfies het oor 'n lang tydperk min of meer dieselfde gebly. Die inhoud het egter afgeneem in massa. Watter vorm van prysaanpassing is gebruik?

A Lokartikels
B Sielkundige (Gebruiklike) pryse
C Prestige pryse
D Geografiese pryse

1.1.9 'n Kafee in Sutherland koop kruideniersware van 'n handelaar in nabygeleë Williston. Laasgenoemde het die kruideniersware van 'n agent wat gereeld die dorp besoek, gekoop. Watter soort verspreidingskanaal word hier gebruik?

A Direkte kanaal
B Enkelvoudige kanaal
C Meervoudige/Indirekte kanaal
D Geen bemarkingskanaal was betrokke nie.

1.1.10 Watter een van die volgende beskryf 'n besigheid wat vir eie gewin bedryf word, gebaseer op die sake-idee van 'n ander?

A Distribusie/Verspreiding
B Advertering
C Bemarking
D Franchising/Konsessies

1.1.11 Die KFC-handelsmerk is in sy … -fase wanneer 'n verbruiker geen ander plaasvervangerproduk aanvaar nie.

A herkennings
B voorkeur
C aandringings
D daal

1.1.12 Alhoewel dividende gewoonlik in kontant betaal word, mag 'n maatskappy … aan gewone aandeelhouers uitreik in die plek daarvan.

A bonusaandele
B stigtersaandele
C skuldbriewe
D voorkeuraandele

1.1.13 Watter metode kan aangewend word as 'n besigheid oor-gekapitaliseer is?

A Verlaag die produktiwiteit van werkers
B Verminder sakebedrywighede
C Brei aandelekapitaal uit
D Brei sakebedrywighede uit

1.1.14 Gebruik die volgende inligting van Jonathan se Vrugte- & Groente-winkel om die omsetsnelheid van voorraad vir die jaar te bereken:

| | |
|---|---|
| Beginvoorraad (1 Januarie 2006) | R 2 000 |
| Slotvoorraad (31 Desember 2006) | R 4 000 |
| Verkope vir die jaar | R24 000 |
| Koste van verkope vir die jaar | R18 000 |

A 12 keer
B 10 keer
C 6 keer
D 4 keer

1.1.15 Die vermoë van 'n besigheid om sy finansiële verpligtinge betyds na te kom uit onmiddellik beskikbare fondse, staan as … bekend.

A kredietinvorderingsbeleid
B kontantvloei
C skuld-ekwiteitverhouding
D likiditeit

1.1.16 Die handelsvoorraad van 'n besigheid was onder 'n brandpolis vir R96 000 verseker. Die werklike waarde van die voorraad tydens die brand was egter R120 000. Indien die brand voorraad ter waarde van R27 000 tydens die brand vernietig het, sal die versekeraar … vergoeding betaal.

A R 21 600
B R 26 000
C R 27 000
D R 33 750

1.1.17 Boere kan verbandlenings van die … kry om grond, lewende hawe en toerusting aan te koop.

A plaaslike kamer van koophandel
B Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk.
C Landbank
D Suid-Afrikaanse Reserwebank

1.1.18 Remediërende instandhouding verwys na instandhouding wat …

A sal plaasvind nadat 'n masjien onklaar geraak het.
B die kanse op onklaarraking van masjinerie in die toekoms sal verminder.
C 'n stelsel van inspektering en toetsing van masjiene volgens 'n voorafbepaalde plan ondersteun.
D op 'n gereelde grondslag volgens 'n skedule plaasvind.

1.1.19 Korttermynlenings aan boere om die opgradering van boerdery-metodes en stelsels te finansier, staan as … bekend.

A krediet vir lewende hawe
B verbeteringskrediet
C seisoenskrediet
D produksiekrediet

1.1.20 Wat sal 'n besigheid doen om 'n probleem met die proses waarvolgens 'n taak uitgevoer word, reg te stel?

A Metodestudie
B Veldstudie
C Werkmeting
D Metodemeting (20 x 3) (60)

1.2 WAAR OF ONWAAR

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is deur slegs die onderstreepte woord(e) te korrigeer.

Voorbeeld: 1.2.5 'n Eenmansaak bestaan uit 1 – 10 lede.

| NOMMER | WAAR | ONWAAR | REGSTELLING |
|---|---|---|---|
| 1.2.9 | | **X** | Beslote korporasie |

1.2.1 Die topvlakbestuur van 'n besigheid bestaan uit die afdelingshoofde, direkteure en aandeelhouers.

1.2.2 Die lyn-en-staf-organisasiestruktuur maak van adviseurs gebruik om lynbestuurders by te staan in die bestuur van hulle afdelings.

1.2.3 In die matriks-organisasiestruktuur is spesialiste permanent in strukture om verskillende toegewysde take te voltooi.

1.2.4 Verantwoordelikheid is die reg wat 'n bestuurder het om pligte aan ondergeskiktes toe te wys en van hulle te verwag om dit uit te voer. (10)

1.3 VUL DIE ONTBREKENDE WOORD(E) IN

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.3.1 Die aantal ondergeskiktes wat aan 'n bestuurder toegewys is, staan as … bekend.

1.3.2 Die verkoopsbestuurder neem die strategiese planne wat deur topvlakbestuur opgestel is en doen sy eie … en bedryfsbeplanning.

1.3.3 Elke bestuurder sal sy ondergeskiktes moet … . Hierdie is die proses waardeur menslike gedrag beïnvloed en gerig word om aan die beleid van die onderneming te voldoen.

1.3.4 'n Bestuurder op die … vlak van bestuur moet tegniese kennis hê en in staat wees om bedryfsbeheer uit te oefen.

1.3.5 'n Nadeel van die … organisasiestruktuur is dat werkers verwar word deur na wie hulle regtig moet luister wanneer opdragte gegee word. (5 x 2) (10)

1.4 PASITEMS

Kies 'n term uit KOLOM B om die stelling in KOLOM A te voltooi of wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die ANTWOORDBLAD neer, byvoorbeeld 1.4.6 J.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Data wat vir die eerste keer versamel word om in die beplanning van die bedryf van 'n onderneming gebruik te word. | A | prosessering |
| | | B | data |
| | | C | balansstaat |
| 1.4.2 | Die omskakeling van data in bruikbare inligting. | D | primêre data |
| 1.4.3 | … is verwerkte data met 'n spesifieke betekenis. | E | aanbieding |
| | | F | sekondêre data |
| 1.4.4 | Verslae, tabelle en grafieke word gebruik vir die … van inligting aan bestuurders om in hulle beplanning te gebruik. | G | inkomstestaat |
| | | H | inligting |
| 1.4.5 | Die rekeningkundige rekord wat aan die bestuurder inligting sal verskaf oor die bates, laste en eienaarsbelang van 'n onderneming, word die … genoem. | | |

(5 x 2) (10)

1.5 DATAREAKSIE

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Keep Cool Bpk. is 'n firma wat yskaste en vrieskaste bemark. Die statute van die maatskappy toon 'n aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele teen R2 elk. Die rekeningkundige rekords toon dat die firma 'n gewone aandelekapitaal van R800 000 het. Die firma het onlangs onderhandelinge met 'n Japannese maatskappy gedoen om die jongste vlekvryestaal-yskaste teen die helfte van die prys waarteen dit in Suid-Afrika verkoop, aan te koop. Die maatskappy benodig egter 'n addisionele R300 000 om die transaksie te beklink. Hot Spices (Edms.) Bpk. is bereid om aandele van R200 000 wat aan die publiek aangebied is, te koop. |

1.5.1 Hoeveel is die geregistreerde aandelekapitaal van Keep Cool Bpk.? (2)

1.5.2 Hoeveel is die uitgereikte aandelekapitaal van Keep Cool Bpk.? (2)

1.5.3 Hoeveel aandele sal Keep Cool Bpk. aan Hot Spices (Edms.) Bpk. aanbied? (2)

1.5.4 Die bestuur van Keep Cool Bpk. wil skuldbriewe aan die publiek verkoop om die tekort aan fondse aan te vul nadat die transaksie met Hot Spice (Edms.) Bpk. beklink is. Wat is die waarde van die skuldbriewe wat uitgereik gaan word? (2)

1.5.5 Wat is die verhouding van Keep Cool Bpk. teenoor Hot Spices (Edms) Bpk.? Is dit 'n beheerverhouding, 'n houerverhouding of geeneen van die twee nie? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2: ONDERNEMINGSVORME

Tony Correia is 'n opgeleide skrynwerker wat sy eie klein besigheid bedryf. Tony wil graag sy besigheid uitbrei, maar besef dat hy nie op sy eie kapitaal bymekaar kan kry nie. Tony nooi drie van sy vriende uit om by hom in die besigheid aan te sluit.

Hy nader jou vir raad met die stigting van die besigheid genoem Tony en Vriende. Jy stel vas dat hulle genoeg kapitaal het om die besigheid te begin. Hulle wil 'n ondernemingsvorm hê wat maklik is om te stig sonder enige wetlike formaliteite, en wat nie 'n regspersoon is nie.

Gebaseer op die bostaande inligting, identifiseer die ondernemingsvorm wat hulle wil stig. Bespreek hierdie ondernemingsvorm in detail.

Jy is nie ten gunste van hierdie ondernemingsvorm nie. Stel 'n ondernemingsvorm voor wat jy eerder vir hulle vier sou kies. Motiveer waarom jy jou voorgestelde ondernemingsvorm sou kies.

**FEITE: 40**
**INSIG: 10**
**[50]**

### VRAAG 3: BEMARKINGSFUNKSIE

Sonder advertensies sal die koste van kaartjies vir sportbyeenkomste buite jou bereik wees.

Een manier van kommunikasie met verbruikers is deur reklame. Kyk rond by enige sportbyeenkoms en jy sal die advertensies sien van die besighede wat die byeenkoms geborg het. Wat jy dalk nie weet nie, is dat die advertensies die spelers se salarisse help betaal, die instandhoudingspanne betaal en alle ander uitgawes wat met die sportbyeenkoms verband hou, betaal. Sonder die inkomste wat uit advertensies gegenereer word, sou hierdie geld uit 'n ander bron moes kom. Dit sal dikwels in die prys van jou kaartjie ingesluit wees.

'n Ander manier van kommunikasie is deur publisiteit. Publisiteit is nie iets wat gekoop kan word nie; tog kan dit 'n effektiewe manier wees om die produk onder die verbruiker se aandag te bring.

Deur die bogenoemde in ag te neem, bespreek hierdie TWEE elemente van die bemarkingskommunikasiebeleid in detail. Sluit 'n kort bespreking van die ANDER TWEE elemente in jou bespreking in. Praktiese voorbeelde sal jou antwoord versterk.

**FEITE: 40**
**INSIG: 10**
**[50]**

## VRAAG 4: FINANSIËLE FUNKSIE

Om ekonomies gebruik te maak van hul kontant en om hul stoorgeriewe optimaal te benut, het die bestuur van Woolworths besluit om op hierdie twee bedryfsbates te fokus. Hulle besef ook die belangrikheid daarvan dat hul onderneming likied moet wees.

Bespreek hierdie TWEE bedryfsbates in detail.

**FEITE: 40**
**INSIG: 10**
**[50]**

## VRAAG 5: HOOFBESTUUR

Sunsong Bpk. was 'n uiters suksesvolle maatskappy wat in die produksie van CD's en DVD's vir Suid-Afrikaanse kunstenaars gespesialiseer het. Die hoofbestuurder van Sunsong Bpk., me. Brenda Faasen, het jou onderneming, Advice Management Consultants, genader om hulle by te staan omdat hulle 'n ernstige daling in verkope ervaar het. Gedurende jou aanvanklike onderhoud met me. Faasen het jy die volgende vasgestel:

- Die werknemers is dikwels laat vir werk of neem verlof. Hulle bly dikwels van die werk af weg sonder 'n geldige rede.
- Die moraal en produktiwiteit van die werknemers is baie laag omdat hulle selde aansporings aangebied word om produktiwiteit te verbeter.
- Daar is 'n ernstige gebrek aan die oordra van idees en inligting tussen bestuur en hulle werknemers.
- Die bestuur is onwillig om werknemers die nodige gesag te gee om sekere pligte namens hulle uit te voer.

Jy is deur Advice Management Consultants aangestel om die hoofbestuurder van Sunsong Bpk. by te staan.

Stel 'n verslag saam om te wys hoe sekere elemente van bestuur 'n rol sal speel om die bogenoemde probleme op te los en die maatskappy tot sy vorige glorie te herstel, en hoe jy sal verseker dat dit nie weer in dié besigheid sal gebeur nie.

**FEITE: 40**
**INSIG: 10**
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

## AFDELING C

Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

## VRAAG 6: ONDERNEMINGSVORME

Gebruik die inligting hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

| |
|---|
| VAAL MALL is 'n winkelsentrum wat onlangs in Vanderbijlpark oopgemaak het. Die huurders sluit in: Mugg & Bean (Edms.) Bpk. ('n koffiewinkel), Oakley's ('n kleinhandelaar in rokontwerpe), drs. Nel & Khumalo (spreekkamers), Miller & Muller Bpk. (oogkundiges), Piet se Biltonghoekie BK en vele ander winkels. |

6.1 Vergelyk die verskille tussen Mugg & Bean (Edms.) Bpk. en Miller & Muller Bpk. as ondernemingsvorme met verwysing na die volgende:

6.1.1 Bestuur

6.1.2 Maksimum getal lede

6.1.3 Verkoop van aandele (12)

6.2 6.2.1 Identifiseer die winkel wat as 'n beslote korporasie beskou kan word. (2)

6.2.2 Watter dokument moet die lede by die registrateur van beslote korporasies registreer? (2)

6.2.3 Noem VYF aspekte wat die inhoud van die dokument uitmaak. (10)

6.3 6.3.1 Watter soort amalgamasie het plaasgevind toe Miller & Muller (twee oogkundiges) twee jaar gelede saamgesmelt het? Motiveer jou antwoord. (4)

6.3.2 Noem DRIE voordele van hierdie soort amalgamasie. (6)

6.4 6.4.1 Identifiseer Oakley's se ondernemingsvorm. (2)

6.4.2 Noem DRIE nadele van Oakley's se ondernemingsvorm. (6)

6.5 Wanneer word 'n maatskappy as 'n beherende maatskappy beskou? (6)
**[50]**

## VRAAG 7: BEMARKINGSFUNKSIE

FIFA het reeds sekere van die borgskapkontrakte onderteken waarvoor besighede kan aansoek doen vir die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi. FIFA sal uiteindelik ses FIFA-vennote, ses FIFA-Wêreldbeker-borge en ses nasionale ondersteuners hê.

Die ses vennote is Adidas, Hyundai, Sony, Coca-Cola, VISA en Emirates Airline. Drie van die Wêreldbekerborge is Anheuser-Busch, McDonald's en MTN.

Die eerste nasionale ondersteuner wat reeds geteken het, is Eerste Nasionale Bank (FNB).

[Bron: FIFA.com, 13 Julie 2006]

Miljoene rande sal op advertensies gedurende die 2010 FIFA World Cup™ in Suid-Afrika gespandeer word. Besighede het alreeds begin om geld te spandeer met die verkryging van die regte om die geleentheid te borg. Een so 'n besigheid is MTN, wat die 'Official Global Mobile Network Sponsor for the FIFA World Cup 2010, the first African company ever to be involved in such an event' geword het. In Suid-Afrika begin die voorbereidings om dié geleentheid te huisves, stadig maar seker lewe kry. Huisvesting, vervoer en voedselvoorsiening aan die duisende besoekers sal 'n uitdaging vir die plaaslike regerings en die inwoners van die voorstede naby aan die verskillende velde wees.

7.1 Beantwoord die volgende vrae oor die inligting hierbo voorsien:

7.1.1 'n Handelsmerk bestaan uit drie dele. Noem EEN. (2)

7.1.2 Waarom is die afkorting '™' deel van die FIFA-naam of enige ander handelsmerk? (2)

7.1.3 Sou jy besighede aanmoedig om by sportgeleenthede soos hierdie betrokke te raak? Motiveer jou antwoord. (4)

7.1.4 Hoekom sal besighede soos die Hyundai-motorvervaardiger en Emirates Airline belangstel om vennote in die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi te word? (2)

7.2 Noem VYF vereistes van 'n goeie handelsmerk soos FIFA, Sony of MTN. (10)

7.3 Watter VYF faktore sal prysbepaling beïnvloed wanneer 'n prys vir 'n produk bepaal word? (10)

7.4 Coca-Cola sal vir seker spesiale verpakkings vir hulle koeldranke gedurende die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi hê. Stel maniere voor waarop Coca-Cola hulle koeldranke kan verpak om aan die volgende vereistes vir verpakking te voldoen:

7.4.1 Verskil van mededingers

7.4.2 Bevorder verkope

7.4.3 Trek aandag

7.4.4 Ontwerp vir die doelmark

7.4.5 Goed ontwerp (10)

7.5 FNB, as 'n Suid-Afrikaanse 'ondersteuner', sal gedurende daardie tyd hulle dienste aan die publiek kan vermeerder. Noem VYF stappe in die beplanning van en voorbereiding vir hulle moontlike reklameveldtog tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi. (10)
**[50]**

## VRAAG 8: FINANSIËLE FUNKSIE

8.1 In elkeen van die volgende is daar EEN begrip wat nie pas nie. Dui die begrip aan en gee 'n rede vir jou keuse.

8.1.1 bankoortrekking; langtermynlenings; korttermynlenings; verskaffferskrediet

8.1.2 verkoop van aandele; faktorering van debiteure; uitreik van skuldbriewe; langtermynlenings

8.1.3 sedering; subrogasie; onderskrywing; kontribusie (9)

8.2 Wanneer 'n entrepreneur geld in 'n onderneming belê, moet die investeringsbedrag versigtig oorweeg word om te verhoed dat oorkapitalisering of onderkapitalisering plaasvind. Verduidelik *onderkapitalisering* in detail en noem TWEE handelinge wat uitgevoer kan word om hierdie situasie reg te stel. (10)

8.3 'Om meer klante te hê, oortuig meer handelaars om krediet te verleen.'

Noem VYF ANDER voordele daaraan verbonde om krediet aan klante te verleen. (10)

8.4 Versekering kan as ' 'n vorm van verpligte spaar' gebruik word.

8.4.1 Stem jy saam met dié stelling? Motiveer jou antwoord. (6)

8.4.2 Verduidelik enige DRIE ander redes vir versekering. (9)

8.5 Noem DRIE faktore wat die premie betaalbaar vir 'n brandversekeringspolis kan beïnvloed. (6)
**[50]**

## VRAAG 9: PRODUKSIE- EN ADMINISTRATIEWE FUNKSIES

Jan huur 'n gebou in die stad, vanwaar hy 'n klein besigheid bedryf. Hy bou sleepstange op versoek om verskillende fabrikate en modelle van motors te pas. Die sleepstange is vir die sleep van sleepwaens en karavane. Hy het ook 'n vulstasie waar hy slegs brandstof verkoop. Hy het vyf werkers in totaal in diens. Drie werkers bou en monteer sleepstange, terwyl die ander by die vulstasie betrokke is.

9.1 Gebruik die bostaande gevallestudie om die volgende vrae te beantwoord:

9.1.1 Noem die produksiestelsel wat die beste by Jan se behoeftes vir die bou van sleepstange sal pas. (2)

9.1.2 Noem EEN vaste oorhoofse koste wat hy sal moet aangaan. (2)

9.1.3 Noem die primêre kostekomponente wat die produksiekoste van 'n sleepstang sal bepaal. (4)

9.1.4 Gee EEN rede waarom die berekening van produksiekoste vir Jan belangrik is. (2)

9.2 Bespreek VYF veiligheidsmaatreëls wat in Jan se besigheid geneem sal word. (15)

9.3 Adviseer Jan oor VYF voordele wat hy sal ondervind as hy eerder 'n groot hoeveelheid sleepstange sou bou om op 'n klein verskeidenheid motors te monteer. (10)

9.4 9.4.1 Sal die eienaars van franchises (konsessies) hulle administratiewe stelsels sentraliseer of desentraliseer? Motiveer jou antwoord. (4)

9.4.2 Bespreek DRIE voordele van desentralisasie. (9)

9.5 Verduidelik wat 'n *begroting* is. (2)
**[50]**

## VRAAG 10: DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING

10.1 'Een van die funksies van hierdie instelling is die ontwikkeling van nasionale dienste, soos navorsing en ontwikkeling, om tegnologie te verbeter en dit dan te implementeer.'

Identifiseer hierdie instelling en bespreek SES ander ontwikkelings wat hulle as deel van hulle dienste lewer. (14)

10.2 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die enigste bank met die gesag om krediet en die geld in omloop te beheer.

Bespreek enige VIER maatreëls om dit te bewerkstellig. (12)

10.3 Noem VIER dienste by elk van die volgende instellings:

10.3.1 Sakekamer

10.3.2 Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde

10.3.3 Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (24)
**[50]**

## VRAAG 11: ALLERLEI

Beantwoord enige VYF van die volgende vrae:

11.1 Noem VYF aspekte van die inhoud van die statute. (10)

11.2 Noem VYF beginsels van effektiewe beplanning. (10)

11.3 Teken EEN grafiek met duidelike byskrifte waarin jy die volgende koste illustreer:
Vaste koste
Veranderlike koste (10)

11.4 Noem enige VYF kenmerke van skuldbriefhouers. (10)

11.5 Gee VYF redes waarom jy produkte direk aan die verbruiker sal verkoop. (10)

11.6 Noem VYF redes waarom dit nodig is dat bestuurders beheer moet hê oor hul ondergeskiktes. (10)

11.7 Noem VYF faktore wat kwaliteitbeheer sal beïnvloed. (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 200**

**GROOTTOTAAL: 400**

*Kopiereg voorbehou*

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**PLAAS DIE VOLTOOIDE ANTWOORDBLAD VIR VRAAG 1 BINNE DIE VOORSTE OMSLAG VAN DIE ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING A – ANTWOORDBLAD

## VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Beantwoord elke vraag deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |
| 1.1.11 | A | B | C | D |
| 1.1.12 | A | B | C | D |
| 1.1.13 | A | B | C | D |
| 1.1.14 | A | B | C | D |
| 1.1.15 | A | B | C | D |
| 1.1.16 | A | B | C | D |
| 1.1.17 | A | B | C | D |
| 1.1.18 | A | B | C | D |
| 1.1.19 | A | B | C | D |
| 1.1.20 | A | B | C | D |

(20 x 3) (60)

1.2 WAAR OF ONWAAR

| NOMMER | WAAR | ONWAAR | REGSTELLING |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | | | |
| 1.2.2 | | | |
| 1.2.3 | | | |
| 1.2.4 | | | |

(10)

*Kopiereg voorbehou*

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

1.3 VUL DIE ONTBREKENDE WOORD(E) IN.

| | |
|---|---|
| 1.3.1 | |
| 1.3.2 | |
| 1.3.3 | |
| 1.3.4 | |
| 1.3.5 | |

(5 x 2) (10)

1.4 PASITEMS

| | |
|---|---|
| 1.4.1 | |
| 1.4.2 | |
| 1.4.3 | |
| 1.4.4 | |
| 1.4.5 | |

(5 x 2) (10)

1.5 DATAREAKSIE

| | |
|---|---|
| 1.5.1 | |
| 1.5.2 | |
| 1.5.3 | |
| 1.5.4 | |
| 1.5.5 | |

(10)

**TOTAAL AFDELING A: 100**

*Kopiereg voorbehou*